NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Badseloop Jeugkampterrein** [Kontak Riana by 083 308 9511 [na 14:00] of stuur 'n epos na badseloopjeugkamp@gmail.com.] **Facebook**: Kliek hier.
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** Brits/Hartbeespoortdam. **Navrae**: Louis Lemmer, 082 929 0244, magaliesbergjeugkamp@gmail.com

10 September 2021: Nr 31/2021

Warmnuus

Lentekonferensie: *14-16 September*

Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag *10 September*

* Indien jy ingeskryf het en nog nie ontvangserkenning ontvang het nie, stuur asseblief 'n epos na excelsus@up.ac.za.
* Onthou ook asseblief dat **geen betaling, geen skakel** beteken.
* Besoek die webblad by www.excelsus.org.za vir die volledige brosjure en die skakel vir aanlyn inskrywings.
* Indien jy ingeskryf het en nie aan 'n sessie kan deelneem nie, sal jy geleentheid kry om vir 'n beperkte tyd na afloop van die konferensie na al die sessies te kyk.

Kerkbode berig:

Wat kan die teoloog professor Elna Mouton, joernalis en skrywer Max du Preez en anti-apartheidsaktivis vader Michael Lapsley in gemeen hê? Om dít uit te vind, sal jy moet inteken by vanjaar se Lentekonferensie van 14-16 September wat wéér volledig aanlyn aangebied word met dié tema 'Brave new world: Saam met Jesus 'n vreemde toekoms in'. **Kliek hier vir meer inligting**.

Bybel 2020-vertaling: Grootdruk



Die **Grootdruk-weergawes** sal *middel September* beskikbaar wees.

* Die **luukse weergawe** het 'n bruin verwerkte leeromslag met goud-op-snee, 'n duimindeks en 'n merklint. Die 1 736 bladsye van hierdie pragtige Bybel sluit ook kruisverwysings, voetnote, woordelyste en kaarte in. **Kliek hier** vir meer inligting.

* Die swart **hardeband weergawe** sluit ook die voorwoord, kruisverwysings, voetnote, verantwoording, woordelys en kaarte in. **Kliek hier** vir meer inligting.

Sinodenuus

POPIA nuus

Noordelike Sinode lewer 'n diens aan gemeentes en moet dus met gemeentes (kerkkantore, predikante en ander persone) kan kommunikeer (epos, selfoon of telefoon). In spesifieke gevalle (soos vir reiskoste se betaling) word

predikante, kerkraadslede of lidmate se identiteitsnommer en bankbesonderhede benodig.

Jou inligting word hoofsaaklik gebruik om jou te kontak met noodsaaklike inligting vanaf die Algemene Sinode en Noordelike Sinode en om die verband uit te bou.

Ons bevestig dat Noordelike Sinode nie jou persoonlike inligting sal of wil verkoop of jou inligting aan enige derde party verskaf om dit vir hulle eie, kommersiële of bemarkingsdoeleindes te gebruik nie.

Ons volledige ***POPIA Beleid en Verklaring*** is op ons webblad beskikbaar.
* Beleid [**Kliek hier**]
* Verklaring [**Kliek hier**]

❖ Tekslees met 'n verskil

In die lig van die *Lentekonferensie* sal daar nie 'n byeenkoms op 14/09 wees nie.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Hospitaal

Kobus Small (Petronella) het 'n knieoperasie ondergaan.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die persone wat verjaar het of gaan verjaar...

05/09 Piet Koekemoer [Emeritus]
08/09 Michiel Botha [Emeritus]
14/09 Nic Ackermann [Emeritus]
15/09 Otto Clasen [Warmbad]

****

05/09 Mariana Potgieter [Eggenote van Willie Potgieter, emeritus]
15/09 Hannelie Clasen [Eggenote van Otto Clasen, Warmbad]
Martie Pelser [Eggenote van Willem Pelser, Roedtan]
17/09 Alta Swart [Eggenote van Alkmaar Swart, Magalieskruin]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Krokodilrivier 16/09/1914

❖ Villieria

Woonstelle te huur in *RB Murrayhof* (h/v Ben Swart straat & 24ste Laan Villieria).
* Bachelors - 2.5 slk woonstelle in skoon netjiese omgewing.
* Kontak NG Villieria se kerkkantoor 012 331 6571 vir meer inligting.

Excelsus

❖ Kursusse / werkwinkels

Spirituele Begeleiding
Aangebied oor 2 jaar in Engels deur die Sentrum van Spiritualiteit, Pretoria.
[**Kliek hier** om verder te lees]
* Ministers can earn ***150 CPD points*** for completing the full course.
* We encourage participants who are older than 34 years of age.
* Applications close Monday *13 September 2021*.

Brugbediening
'n Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap
Datums: Week 1 (*8-11 November*); Week 2 (*21-24 Februarie 2022*)

Kursusleier: Prof Malan Nel
* **Kliek hier** vir die volledige inligting.
Vir navrae kontak asseblief vir Hesmarie Bosman by 012 420 4952 of epos; Hesmarie.Bosman@up.ac.za.

Ander nuus

❖ Elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)

Die *elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)* is die verbeterde, opgedateerde en aangevulde elektroniese weergawe van die gedrukte CKE wat in 2008 by Lux Verbi.BM in samewerking met Bybel-Media verskyn het. Die eCKE is 'n eerste van dié aard wat van meet af aan in Afrikaans geskryf is. Dit wil 'n sleutel wees dat jy God, sy Woord, sy kerk, die wêreld, die geskiedenis, jou land, jou geloof en jouself 'n bietjie beter kan verstaan. **Lees meer…**

❖ Bybel-Media

In die lig van die **Nasionale Testamente-week** het Bybel-Media twee gratis produkte ontwikkel om jou te help:
Kry jou papierwerk in orde - Bybel-Media se Lewenslêer is 'n handige gids waarin jy al jou inligting op een plek bymekaar kan hou. 'n Ingevulde en volledige lêer help die mense na aan jou wanneer jy te sterf kom. **Laai dit GRATIS hier af.**
Dink oor jou nalatenskap - Bybel-Media se Brood op die Water-erflatingsgids gee aan jou 'n volledige uiteensetting van hoe om oor jou nalatenskap te dink en wat jy kan doen as jy 'n liefdeserflating sou wou nalaat. **Laai dit GRATIS hier af.**

❖ Kerkbode

Hoogtepunte uit Kerkbode:

* Die COVID-pandemie het die NG Kerk geleer dat vennootskappe in jou gemeenskap 'n moet is en jou eerste vennoot behoort die kerklike maatskaplike werker te wees, is gesê by 'n onlangse werkswinkel van die Kerklike Maatskaplike Diensteraad saam met NG Kerkleiers. **Kliek hier en lees verder**.

* Die reël was altyd jy praat nie oor godsdiens, sport of politiek in beleefde geselskap nie. Vandag voel 'n mens dikwels die COVID-19-entstof kan ook by hierdie lysie ingesluit word. Kerkbode hoor by 'n kliniese maatskaplike werker hoe gelowiges gesprekke oor dié onderwerp kan benader sonder dat verhoudings verbrokkel. **Kliek hier en lees meer.**

❖ Christelike Lektuurfonds [CLF]

Uitverkoping
* Kry 'n afslag van 30% gedurende September 2021 op ALLE produkte hierdie September by enige van CLF se winkels!
  Kimberley - Winkel 6, New Park sentrum / kimbooks@clf.co.za / 0726533076
  Bloemfontein - Tweetoring kerk / **bloembooks@clf.co.za** / 0738772358
  Wellington, Kaapstad - Oudepontstraat 19, Wellington Nywerheidspark / order@clf.co.za / 0218736964
* Koop aanlyn - gebruik promosiekode: sep2130 - https://shop.clf.co.za/

❖ Morele hernuwing van die Suid-Afrikaanse samelewing

Na 'n dekade van staatskaping - *Aangebied deur die Gereformeerde Teologiese Werksgemeenskap (GTW)*

Na 'n dekade van staatskaping
Aangebied deur die *Gereformeerde Teologiese Werksgemeenskap (GTW)*
Datum: *27 & 28 September*
Vir meer inligting: Kliek op die webblad: https://rts2021.wordpress.com/ - Die GTW is 'n vereniging wat vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan het en wat ook betrokke is by die vaktydskrif *In die Skriflig / In Luce Verbi* en is 'n vereniging sonder enige winsmotief.
Navrae: Pieter Kurpershoek (VDM) [083-641-6466 / pwk@axxess.co.za].

Vakatures

❖ Krokodilrivier: Vakature – Voltydse leraar

[**Kliek hier** vir die volledige advertensie]

Aansoeke sluit om 13:00 op *30 September* 2021.

- **Rustenburg Rusoord**: **Vakature – Bestuurder**
  * **Diensaanvaarding**: Vanaf *1 Januarie 2022*.
  * **Aansoeke**: Aansoeke op voorgeskrewe vorm word ingewag tot en met *22 September.* Aansoekvorm en ander inligting kan verkry word by Rusoord.exec.pa@telkomsa.net.

- **Kerkbode Vakatures**: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die *elektroniese* Kerkbode geadverteer word.

Naskrif